# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 203
17 Junie 2022

Alhoewel Koersvas die mondstuk van die GHG is, is standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Liberale teologie – herken jou vyand

Ons hoor gereeld in die besigheidswêreld dat ons moet aanpas om te oorleef, soos die Engelse spreekwoord sê "*adapt or die*". Die mantra wat daarmee saamgaan is gewoonlik ook dat ons verandering moet omhels. Wanneer ons egter uit kerkgeledere hoor dat ons moet aanpas om die kerk "relevant" te hou of dat ons by tye moet aanpas om 'n verskil te kan maak in die wêreld, flits die gevaarligte. Hierdie oproepe tot aanpassing en verandering is gewoonlik die simptoom van 'n denominasie waar 'n groeiende getal dosente, predikante en lidmate nie meer ten volle glo in die gesag van die Bybel nie. 'n Eie interpretasie van Bybelse etiek word gebruik as Bybelse argument vir doelbewuste institusionele verandering om sosiale geregtigheid te bereik. Die gay Nuwe-Testamentikus Dale Martin het reeds in 1996 die stelling gemaak: "*Enige interpretasie van die Skrif wat mense seermaak, mense onderdruk, of mense vernietig kan nie die regte interpretasie wees nie, maak nie saak hoe tradisioneel, histories of eksegeties korrek dit is nie.*" Hierdie weiering om die gesag van God se Woord te erken is egter niks nuuts nie en is deel van die ou stryd tussen liberale en konserwatiewe Skrifbeskouings. Is dit wat die kerk relevant maak in die wêreld se oë wel gehoorsaamheid aan God as dit aan Sy voorskrifte in die Bybel gemeet word?

Ons leef in 'n tydperk waar alles opnuut bevraagteken moet word. Bybelverhale word al meer as allegories gesien - die Bybel moet herevalueer en deur 'n ander hermeneutiese lens bekyk word om aan te pas by die moderne narratief. Die Bybelse skeppingsverhaal word vervang met 'n teorie van teïstiese evolusie. God se almagtigheid word hierdeur ontken. Een na die ander wonderwerke in die Skrif word dan ook "verklaar" deur dit af te maak as eenvoudige onkunde van die tyd of as metaforiese verhale. Die hoogtepunt van hierdie dwalings is die aanhang van 'n kenotiese Christologie - waar Christus se Goddelikheid ontken word en Hy gereduseer word tot 'n goeie maar feilbare mens.

Deesdae word ons met soveel verskillende sektes en dwaalleer gekonfronteer dat dit soms oorweldigend is. Van die dwalinge is maklik om te herken en te weerlê. Ander is soms moeiliker om dadelik te kan bestry omdat dit op 'n stelselmatige en subtiele wyse vanuit die kerk self kom.

Daar word gesê dat daar drie stadia van progressiwiteit is waardeur liberale denke en optrede gevestig word: Die eerste is 'n **ontkenningsfase** - "Daar is geen dwaling nie en om die teendeel te beweer is 'n skadelike sameweringsteorie." In baie

gemeentes van die tradisionele Afrikaanse kerke word predikante en lidmate steeds deur hierdie ontkennings-propaganda gepaai; dat daar geen probleem of dwaling in hulle kerk is nie.

Wat die opleiding van die nuwe generasie predikante betref is daar egter reeds verby hierdie ontkenningsfase beweeg. Hier is die tweede fase naamlik **goedkeuring** reeds bereik - "Dit is verkramp om dit dwaalleer te noem; dit is 'n nuwe en verligte Skrifverstaan wat nodig is." Verandering is aangegryp by teologiese fakulteite waar in die plek van suiwer teologie nou 'n inklusiewe religieuse opleiding aangebied word. Die naam van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria is insiggewend verander na 'n Engelse "*Faculty of Theology and Religion*". Hierdie verandering word dan ook met trots gemotiveer - dat die Fakulteit godsdiens ("*Religion*") bygevoeg het om meer inklusief te wees en mense van ander gelowe te verwelkom. Daar is wegbeweeg van 'n opleiding waar bestudering van God en Sy Woord sentraal staan en eerder, om uit die dekaan se boodskap aan te haal, "*'n ruimte waar alle godsdienste welkom is*" te skep. Waar die visie onder andere "pluriversiteit en inter-godsdiens dialoog wil bevorder deur 'n teologie te onderrig wat relevant, kontekstueel en boeiend is". (Dit is jammer dat die nuwe fakulteit se visie niks van 'n strewe na suiwerheid van Woordverkondiging bevat nie.) Hierdie liberalisme gaan egter nie net beperk bly tot die teologiese fakulteite nie. 'n Nuwe generasie predikante se teologie word deur die liberale Skrifbeskouing wat daar gedoseer word gevorm en dit is hulle wat die huidige gemeentepredikante eendag gaan vervang. Hierdie dwalinge sluip gewoonlik in by alle universiteite en kweekskole waar daar nie direkte verantwoording aan gemeentes in die kerk gedoen hoef te word nie.

Laastens kom daar 'n **verpligting tot konformiteit** - "Jy moet glo soos ons sê...of anders..." Daar gaan nie meer omkeerkans wees nie – die institusie gaan alle teenstemme stilmaak en blindelingse navolging vereis. Nie net word van jou stilswye verwag indien jy dwalinge raaksien nie, daar gaan van jou verwag word om dit te ondersteun en te bevestig. So word 'n nuwe evangelie sonder teenstand aangeneem. In watter van hierdie fases is die Afrikaanse hoofstroom-kerke vandag?

'n Progressiewe, Liberale Christenskap hou nie daarvan om ontbloot of aangeval te word nie – indien enigiets bevraagteken word, is die respons feitlik altyd 'n "aanklag" teen diegene wat teen die dwaling daarvan opstaan.

Die eerste en mees algemene argument in die liberale arsenaal is "moenie oordeel nie" – jy mag net oordeel as jy self sondeloos is. Die ongetroude, kerklosse paartjie wat in sonde saamleef en nou hulle kind wil doop hoef nie te bekeer nie. Die enkelgeslagpaartjie wat kerk toe kom mag nie aangespreek word nie. Almal moet slegs in liefde omarm word. Dit lei tot 'n kerk wat bekend staan as 'n plek van "inklusiewe liefde" eerder as om sonde af te wys en daarna te streef om heilig en in gehoorsaamheid voor God te staan. Van Christus se opdrag "*Gaan heen en sondig nie meer nie."* is daar geen sprake nie. Indien jy vashou aan die Goddelike instelling van die huwelik en gesin en teen inklusiwiteit van LGBT beswaar maak,

word jy daarvan beskuldig dat jy homofobies is.

Die tweede beskuldiging wat deur die liberale teologie teenoor behoudendes ingebring word is dat ons nie inklusiewe eenheid, versoening en sosiale restitusie nastreef nie. Ware eenheid lê egter in eenheid van belydenis soos gegrond op die ekumeniese belydenisskrifte en drie formuliere van eenheid wat Skrifwaarheid verwoord. Indien daar nie saamgegaan wil word met 'n nuwe evangelie gebaseer op bevrydings-teologie nie, of as jy Kritiese Rasseteorie ("*Critical Race Theory*") as nie-Bybels beskou, word jy as 'n rassis getipeer.

'n Derde beskuldiging is dat ons nie vredemakers is nie. Om mense te ontstig en gedurig teologiese dwalinge uit te wys is nie aanvaarbaar nie – ons moet "leef en laat leef" om ten alle koste die institusie se eenheid in vrede te bewaar. Sodra ons onsself van dwaalleer wil afskei, kom die beskuldiging dat ons die eenheid van die kerk skade aandoen. Dat gelowiges hulle ten alle tye aan die Skrif moet meet en moet streef om daarvolgens heilig te leef is egter van minder belang vir die liberale voorstanders. Indien jy opstaan vir die waarheid en weier om dwalings en vals leer in 'n kerk oor die hoof te sien ter wille van "eenheid", word jy as kerkskeurder uitgekryt.

Vir 'n liberale Christen weeg die liefde vir die mens swaarder as die liefde vir God. In sy wese besit teologiese liberalisme 'n diepe drang om relevant te wees vir die samelewing, geliefd te wees deur die wêreld en gerespekteer te word deur die intellektuele gemeenskap. Dit is terselfdertyd 'n absolute strewe na self-regverdiging en aanvaarding van "onsself soos ons is". Die stelling wat gemaak word is dat God ons aanvaar *net soos ons is* - bekering is dus nie meer nodig vir redding nie. Ongeloof word verbloem as 'n strewe na "vrede" of "eenheid" of "liefde".

Die Hervormer Martin Luther het gesê: "*Vrede indien moontlik. Waarheid ten alle koste.*" Liberale teologie daarenteen se inslag kan (soos Burk Parsons dit opsom) saamgevat word met die leuse "*Waarheid indien moontlik, maar vrede, relevansie en wêreldse invloed ten alle koste.*"

Vir 'n liberale Christen is al waarna gestreef moet word absolute "vrede", "eenheid", "inklusiwiteit" en (wêreldse) "liefde". 'n Liberale "Christenskap" verwyder in wese Christus se hoofskap oor die kerk met die mens wat nou sentraal staan. Liberale Christenskap is daarom glad nie meer Christenskap nie – dit is institusionele paganisme en ongeloof. Ons strewe moet daarom altyd *Ecclesia reformata, semper reformanda* wees - terug na die Woord en Evangelie.

- Jaco de Ridder
(jaco@geloofsbond.org.za)

## BERIGTE

Gemeentenuus kan gerus deurgegee word vir plasing in Koersvas deur 'n epos te stuur aan media@geloofsbond.org.za

# KENNISGEWINGS

## LEWENSBROOD 2023

Die sperdatum vir indiening van die Lewensbrood-dagstukkies was 15 Junie 2022. Baie dankie vir al die predikante wat by hierdie sperdatum gehou het. Diegene wat nog nie hulle dagstukkies ingestuur het nie word versoek om dit so gou moontlik te doen.

## BYBELVASVRA 2022

Alle katkisante en lidmate in die Bond is welkom om lid van een van hulle gemeente se spanne te word en deel te neem.

Die bestek: Die inhoud van 2 Petrus soos in die 1983-vertaling / 1992-hersiening.
Laerskool slegs hoofstuk 1, hoërskool hoofstukke 1 en 2, volwassenes al 3 hoofstukke. Die helfte van die vrae kom uit 2 Petrus en die res is algemene Bybelkennisvrae.

Datum: DV 31 Julie 2022

Reëlings: Elke gemeente voltooi vraestelle by hulle eie gemeente, niemand hoef te reis nie.

Navrae: Ds. Lewis Strauss 076 061 0129
ljstrauss@lantic.net

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalenders
- Kwitansieboeke
- Offergaweboeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame-plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com